bonwit teller

OFFICIAL HOUSE MAGAZINE OF THE BONWIT GROUP

October 2001

# Suid Afrikaanse Lugdiens.

**Bonwit stof teenstanders uit in wedren om nuwe kontrak.**

Dit is meer as n jaar gelede dat aansoeke aangevra is vir die nuwe kontrak om die personeel-uniforms vir Suid Afrikaanse Lugdiens te vervaardig.



Na vele vergaderings, skiftelike motiverings,prys kwotasies en die opmaak van konsep uniforms,is Bonwit onlangs meegedeel dat ons die kontrak vir n periode van vyf jaar gewen het. Omdat ons nie spesialiseer in alle gebiede van klerevervaardiging nie, is besluit om sekere items te sub-kontrakteer. Dit is gedoen in die geval van mans uniform, sweetpakke, truie en dasse.

Dit is voorwaar n groot eer wat ons te beurt geval het en alle werknemers kan opreg trots voel oor hierdie prestasie. Dit is hoofsaklik as gevolg van Bonwit se goeie reputastie en die hoe kwaliteit van ons produkte, dat SAL die kontrak aan ons toegestaan het.



Terry Hanslo and Salie Semaar with some of the models

Alle uniform items is deur die bekende Kaapse klereontwerper, Errol Arendze ontwerp.

As deel van die bekenstellings veldtog, is n reeks modeskoue in Gauteng, Durban, Kaapstad en London gehou. Errol en sy bekende suster en sakevennoot, Gloria, het Bonwit gekomplimenteer oor die hoe standard van ons werk.Hulle was albei baie beindruk met wat ons kan doen,veral gemeet teen hul hoe standarde.



Daar is ook besluit om ons eie bekendstellings en bewustheids program in Bonwit fabrieke te loods.Dit het die vorm van n mode parade, behartig deur ons eie fabriek werkers, aangeneem en was n groot sukses. Gelukkige pryswenners, wat uit die modelle gekies is, het n spoggerige middag-ete met Errol Arendze by die weelderige Mount Nelson Hotel gewen. Dit het plaasgevind op Vrydag 27 Julie 2001 waartydens die pryswenners die kans gehad het om skouer te skuur met the roemryke Errol.



Prizewinners with Johann Baard, Elaine De Nicker and Errol Arendze

Daar is fotos geneem en elke pryswenner het n persoonlike boodskap en handtekening van hom ontvang.



Vir die pryswenners, Charmaine Jansen (3de Vloer), Allenize Arendse (Darling), Theresa Esau (Malmesbury) en Jennifer Brown (Patti) was dit n ontvergeetlike dag en ervaring.